Mwah! Jou eerste soen...

Hoe was jou eerste soen? Jy gaan jou eerste soen verewig onthou. Dalk is dit wonderlik, of dalk is dit 'n absolute flop!



Ons verstaan dat dit nogal scary kan wees om te dink aan jou eerste soen.

Gedagtes soos: "ek weet nie wat om te doen nie", en "wat as ek sleg soen?" maal deur jou kop.

Om die vlinders in jou maag stil te kry, het ons goeie raad bymekaar gemaak oor hoe om die beste eerste soen ooit te hê.

Meisies:

1. Wees vars - Maak seker jou asem ruik lekker. Kou 'n bietjie kougom of eet 'n pepermentlekker.
2. Leun nader en maak oogkontak - Sit jou kop op sy skouer en kyk op.
3. Kyk na sy lippe - Wissel jou oogkontak af deur te kyk na sy lippe en terug.
4. Ontspan- As die soen teen die tyd nog nie gebeur het nie, ontspan net vir 'n oomblik. Miskien het hy nog tyd nodig.
5. Laat hom weet jy wil soen - Sit jou arms om sy nek en speel met sy hare.
6. Neem die leiding- Sommige mense is baie skaam, so dalk moet jy die eerste move maak.
7. Nooi hom uit- Sê vir hom om jou te soen, maar doen dit op 'n oulike manier, soos "moet ons nie nou al gesoen het nie...?"

Ouens:

1. Moenie skaam wees nie - Meisies wil gesoen word!
2. Wees vars - Maak seker jou asem is vars en ruik lekker.
3. Skeer - Jy wil nie op jou eerste soen al die meisie se vel krap met jou stoppelbaard nie!
4. Respekteer haar privaatheid - Meeste meisies wil nie voor ander mense soen nie, so kies 'n tyd en plek wat privaat is.
5. Kyk vir die tekens - Moet ek haar soen, moet ek nie? Kyk uit vir die tekens wat sy vir jou gee? Sit sy naby jou? Raak sy aan jou of speel sy met jou hare? Kyk sy jou diep in die oë?
6. Maak oogkontak en beweeg nader - As sy nie wegkyk nie is sy gereed en kan jy nader beweeg.
7. Kyk in haar oë...en na haar lippe - Maak seker jy weet waar haar lippe is, jy wil nie die kant van haar mond soen nie, maar vol op die lippe!
8. Soen haar!

Afrikaans	Engels
Verewig	For ever
onthou	remember
dalk	maybe
verstaan	understand
gedagtes	thoughts
Maal deur	Milling through

Afrikaans	Engels
vlinders	butterflies
raad	advice
bymekaar	together
vars	fresh
asem	breath
ruik	smell
kougom	Chewing gum
Lean nader	Lean (closer)
oogkontak	Eye contact
skouer	shoulder
lippe	lips
Wissel	Vary / change
ontspan	relax
Teen die tyd	By this time
gebeur	happen
miskien	maybe
speel	play
hare	hair
leiding	Leadership / to lead
Sommige	some
skaam	shy
Nooi	invite
oulike	Nice / cute
stoppelbaard	Stuble / beard
Respekteer	respect
privaatheid	privacy
Meeste	most

Afrikaans	Engels
voor	Before / in front of
kies	choose
plek	place
tekens	signs
naby	Close to
Raak	touch
beweeg	move
nader	closer
wegkyk	Look away
gereed	ready
seker	sure
kant	side
mond	mouth
vol op	Full on

Neem Kennis:
Jy sal ‘n klastoets oor die woordeskat skryf.
Toetsdatum: _____